

Skriflesing: 1 Kor 15:3-4; 12-34

Tema: 'n Saak van lewe en dood.

Sommige Korintiërs het geglo dat Christus opgestaan het, maar dat mense nie soos Hy uit die dood sal opstaan nie. Vandag is daar al meer mense wat hiermee saamstem. Mense wat nie eens meer glo dat Christus uit die dood opgestaan het nie. Hulle vra hoe ons die feëverhaal van die opstanding uit die dood kan bely en glo.

Wat as ... Christus nie uit die dood opgestaan het nie?

Waar sou ons vandag gewees het?

As Christus nie opgestaan het nie, dan leef ons mos maar net om eendag te sterf! Maak nie saak wie en wat jy is nie, verreweg die meeste van ons se liggame gaan in 'n kissie in 'n nissie beland en dit is dan die einde.

Die Bybel sou net nog 'n boek vol stories gewees het. Dan kan ek maar ophou preek, want as Christus nie opgestaan het nie, staan ek nou vir julle en lieg.

Ons geloof was waardeloos. Ons was nog in sonde vasgevang en dood het die laaste sê oor ons gehad.

Ons doop was sonder inhoud. Die water sou niks meer beteken as wanneer 'n baba by die huis gebad word nie.

Ons sou net vir hier en nou geleef het. Daar sou vir ons niks meer wees nie. Ons sou feesvier en dronk word, ons winduit leef in die hede, want môre sterf ons vir ewig.

Om Christen te wees in die tyd van die Korintiër brief, het dikwels beteken dat jy baie "verloor" het. Jy is vervolgt, deur familie en vriende verwerp, baiekeer arm, 'n slaaf wat hulpeloos oorgelewer was aan die nukke en grille van jou baas. Met ander woorde, volgens wêreldse standaarde was dit nie voordelig om 'n Christen te wees nie.

As ons net vir hierdie aardse swaarkry lewe ons hoop op Christus gestel het, was ons die bejammerenswaardigste van alle mense. Ons was dan hopeloos hooploos. Morris het gesê: "as hierdie wêreld al is wat daar is, is enige iemand beter af as 'n Christen."

Maar Jesus het opgestaan! Sefas, 12 dissipels, 500 broers tegelyk, Jakobus, die Apostels en Paulus was getuies hiervan. En dan noem Paulus nie die vroue wat Hom eerste gesien het nie.

In die Bybelse tyd het die pa van 'n gesin die eerste gerf ryp koringare gepluk, dit uitgevryf en gemaal om die eerste broodjie van die nuwe oes te bak. Hy sou dan aan tafel sê: "Dit is die eerste van die nuwe oes. Net soos die eerste gerf geoes is, so sal die res van die oes nog

volg." Christus is die eerste gerf van God se groot oes. Die res van gelowiges sal Hom volg. Soos Hy, sal ons ook opstaan uit die dood.

Hierdie waarborg van ons toekomstige lewe, maak 'n reuse verskil in ons lewens vandag.

Ons perspektief is nie: "môre sterf ons" nie, maar ons perspektief is: "ewig leef ons"
Ons lewens is nie 'n voortdurende sterwe nie, maar 'n daaglikse voorbereiding op die ewige lewe.

Ons almal sal steeds liggaamlik sterf. Die meeste van ons se stoflike oorskot sal steeds in 'n kissie in 'n nissie beland, maar die dood is nou 'n nuwe begin. Ons het saam met Christus die sondige ou mens afgesterf en die sondevuil klere uitgetrek.

Jesus kom weer. Dan sal Hy alle vyande finaal verslaan en aan Hom onderdanig maak. Dood is die laaste van hierdie vyande wat doodgemaak sal word. Wanneer Jesus weer kom sal ons liggaam en gees herenig word en ons sal verheerlikte liggames soos die van Jesus na sy opstanding kry.

Jesus leef en ons met Hom vir ewig!

Daarom is ons getuienis van die goeie nuus van lewe. Ons lees in 1 Kor 15:3-4 van hierdie getuienis: "Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte." Geloof is tot redding van elkeen wat glo.

Ons sonde en dood is oorwin.

Die doop het 'n heerlike inhoud.

Hierdie nuus is so goed dat ons bereid moet wees om lewens in gevaar te stel om die goeie nuus van die lewe uit te dra. Ons kan nie anders as om met ons woorde, maar ook met ons lewens te getuig nie. As die opgestane Christus nie in en deur ons as sy kerk leef nie, help dit nie dat ons al die bewyse en getuienisse kan bring dat hy wel 2000 jaar gelede opgestaan het!

Die opstanding moet sigbaar wees in ons as kinders van die Here, in sy kerk. Kyk maar net hoe ons mekaar, ten spyte van groot verskille, voorkeure en afkeure, in die geloof as broers en susters aanvaar. Hoe ons mekaar vergewe en in liefde ondersteun en dra. Sien hoe ons met Christus se oë na mekaar kyk, as' t ware met Christus se hande aanraak en versorg. Sien Christus in sy kerk leef!

Gevul met Goddelike vrede wat alle begrip oortref kan ons met vreugde eet en drink en die van ons wat gelukkig is, 'n bietjie vakansie hou.

Jesus het opgestaan en ons sal saam met Hom opstaan.

Ons is nie die bejammerenswaardigste van alle mense nie. Ons glo in Christus. Dit maak van ons die mees geseënde van alle mense - vir hierdie lewe en vir die lewe hierna.

Amen